

MARKUSREEKS

DRIE MANIERE VAN KYK NA JESUS

Mar 8:11-12 Daar kom toe Fariseërs wat met Jesus begin redeneer. Om Hom op die proef te stel, wou hulle van Hom 'n wonderteken uit die hemel hê. (12) Hy het diep gesug en gesê: “Waarom wil hierdie geslag 'n teken hê? Dit verseker Ek julle: Aan hierdie geslag sal beslis nie 'n teken gegee word nie.”

Mar 8:27-29 Daarna het Jesus en sy dissipels na die dorpie naby Sesarea-Filippi gegaan. Langs die pad het Hy vir die dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is Ek?” (28) Hulle antwoord Hom: “Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party een van die profete.” (29) “Maar julle,” vra Hy hulle, “wie, sê julle, is Ek?” Petrus antwoord Hom: “U is die Christus!” Mar 8:30-33 Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel. (31) Jesus het hulle toe begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan. (32) Hy het met hulle hieroor reguit gepraat. Toe het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin berispe. (33) Hy het egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en vir Petrus berispe. “Moenie in my pad staan nie, Satan,” het Hy gesê, “want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê.”

Mar 8:34-36 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, (35) want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou. (36) Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?”

DRIE MANIERE VAN KYK NA JESUS:

- 1 GEESTELIK BLIND: JESUS STAAN MY NIE AAN NIE (VSS 11,12)
- 2 GEESTELIK BLINDEKOL: JESUS VOLGENS MY WENSE EN VERWAGTINGE (VSS 27-33)
- 3 GEESTELIK HELDERSIENDHEID: JESUS EERSTE EN MY ALLES (VSS 34-36)



SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Hoe klink moderne mense se siening oor Jesus...van “Hy staan my nie aan nie”?
- 2 Bespreek: *Dit is deur genade alleen wat ons oë vir Jesus oopgemaak is.*
- 3 Gesels oor *blindekolle* wat opregte gelowiges vandag oor Christus mag hê?
- 4 Hoe werk die beginsel van “verloor > behou” in die praktyk van elke dag (vs 35,36) ? Noem voorbeelde.
- 5 Hoe kan my lewe daaglik meer oor Jesus gaan?
- 6 Bespreek die opmerking: *Sondag doen jy godsdienst en Maandag tot Saterdag doen jy jou eie ding.*

😊 Onthou die 40 dae begin Sondag 2 September! Bid asb daarvoor.